Die Voortrekkers

Transvaal
Verwelkomingsbrief
Januarie 2021

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

16 Januarie 2021

Beste voortrekkervriende,

2020 was ‘n jaar van uitdagings en aanpassings. Almal het uitgesien na ‘n “normale” 2021; die realiteit is egter dat die uitdagings, veral rakende Covid-19 nie minder is nie en ons is terug op ‘n vlak 3 van inperkings as gevolg van stygende Covid-19 getalle. Ons het egter al aangepas en weet min of meer wat om te verwag van die regulasies en inperkings.

2021 is ‘n groot jaar vir Die Voortrekkers want ons is vanjaar negentig (90) jaar oud en ons *gaan Groot!!* Ons moet egter verantwoordelik aanpas en “Groot gaan in kleiner groepies!”

Ons kan steeds uitsien na ‘n aksiebelaaide jaar vol **K**ultuur, **A**vontuur in die **N**atuur!

> Ja, ons **KAN**!
>
> Ons **KAN** mede voortrekkervriende gereeld skakel en heerlik saamgesels via whats-app, ZOOM, Skype en Teams!
>
> Ons **KAN** saam kuier oor ‘n stomende koppie koffie of heerlike melkskommel!
>
> Ons **KAN** in kleiner groepies spanbyeenkomste en spankampe op veilige afstand geniet in die natuur!

Ons *gaan Groot* deur inisiatief te neem met kreatiewe spanbyeenkomste.

Ons *gaan Groot* deur die nuwe embleme vir ons oorde teen die einde van die maand met ‘n aanlyn seremonie te onthul. Hou die kennisgewing dop vir hierdie inligting!

Ons *gaan Groot* deur, in klein groepies, diens te lewer binne ons gemeenskap en sodoende ons waarde en plek in die gemeenskap bevestig en ook die Voortrekkers bemark.

Ons *gaan Groot* en word gedra deur die *Gebed om vrede …*

O Heer, skenk my die gemoedskalmte om te aanvaar wat ek nie kan verander nie,
die moed om te verander wat ek kan en die wysheid om die verskil te ken.
Om een dag op ‘n slag aan te pak; om elke oomblik afsonderlik te geniet;
om swaarkry as ‘n weg na vrede te aanvaar.
Om net soos Hy hierdie sondige wêreld te aanvaar soos dit is, nie soos ek dit wil hê nie.
Om te glo dat Hy alles ten goede sal laat meewerk as ek my maar net aan sy wil sal onderwerp.
Dat ek redelik gelukkig in hierdie wêreld kan wees en uitermate gelukkig saam met Hom in die hiernamaals.

Dankie aan elke kommando Admin vir julle harde werk en kommandojaarverslae wat reeds ontvang is. Onthou die keerdatum vir die kommandojaarverslae is Vrydag 22 Januarie 2021. Dankie aan diegene wie die SAS2 en Administrasie werkswinkel op Saterdag 23 Januarie 2021 gaan bywoon.

Elke kommando word herinner om net drie (3) aktwiteite te noem wat ons in kleiner groepe kan doen! Ons maak dit ‘n kompetisie en sien wie (Kommando) kan die beste voorstelle op die tafel plaas!

Stuur jou positiewe idees vir heerlike kleiner groepkuiers en aktiwiteite na Elsa Schnetler admin@transvaal.voortrekkers.co.za of Riaan du Preez riaandupreez360@gmail.com

Sluitingsdatum vir jou positiewe idees: 31 Januarie 2021.

Hou Koers en kuier saam in kleiner groepies!

Vriendelike groete

Transvaal Voortrekkers

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
MJ Gouws – GSD (082 253 5977 - gouwsmj25@gmail.com)